Argief.

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c Dinsdag, 24 Junie 1969 WINDHOEK Tuesday, 24 June 1969 No. 3010

INHOUD

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. 80 Ordonnansie 1969: Uitvaardiging van . . 1190

CONTENTS *Bladsy/Page*

GOVERNMENT NOTICE:

Ordinance, 1969: Promulgation of . . . 1190

Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 80]. [24 Junie 1969

ORDONNANSIE 1969: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:—

No. *Titel* *Bladsy*

No. 25 Wysigingsordonnansie op Padverkeer 1969 1191

Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 80.] [24 June 1969

ORDINANCE, 1969: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. *Title* *Page*

No. 25 Road Traffic Amendment Ordinance, 1969 1192

No. 25 van 1969.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van artikels 1, 109, 140, 149 en Deel 1 van Bylae 2 van die Ordonnansie op Padverkeer 1967; ter vervanging van artikel 73; ter invoeging van artikel 129A om voorsiening te maak vir die ure waartussen 'n motorvoertuig wat deel uitmaak van 'n konvooi van motorvoertuie nie op 'n openbare pad gebruik mag word nie.

(Goedgekeur 18 Junie 1969)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika met die toestemming van die Staatspresident, dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel 22 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) van die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, VERORDEN:—

1. Die indeling van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) — hierna die hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig:—

deur die invoeging na artikel 129 van 'n nuwe artikel:

„129A. Konvooie op openbare pad.".

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 30 van 1967.

2. Artikel 1 van die hoofordonnansie word hierby gewysig:—

(a) deur na die omskrywing van „Konvensie" die volgende nuwe omskrywing in te voeg:—

„ ‚konvooi van motorvoertuie' ses of meer motorvoertuie wat in 'n groep op 'n openbare pad gebruik word;";

(b) deur paragraaf (i) in die omskrywing van „motorvoertuig" te skrap;

(c) deur die omskrywing van „voertuig" deur die volgende omskrywing te vervang:—

„ ‚voertuig' 'n toestel ontwerp of ingerig om hoofsaaklik op wiele of rusperbande te loop maar omvat dit nie enige sodanige toestel wat uitsluitlik op spore beweeg nie;".

Vervanging van artikel 73 van Ordonnansie 30 van 1967.

3. Artikel 73 van die hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:—

„Instrukteurs van leerlingbestuurders moet instrukteursertifikaat verkry.

73. (1) Niemand mag vir beloning iemand anders onderrig of oor hom toesig hou in of by die bestuur van 'n motorvoertuig op 'n openbare pad nie, tensy hy die houer is van 'n sertifikaat (in hierdie artikel 'n instrukteursertifikaat genoem) wat deur die Administrateur aan hom uitgereik is.

(2) 'n Persoon wat 'n instrukteursertifikaat wil verkry, moet by die Sekretaris van Suidwes-Afrika op die voorgeskrewe vorm aansoek doen.

(3) Die Administrateur kan van 'n aansoeker om 'n instrukteursertifikaat vereis om hom te onderwerp aan —

No. 25 of 1969.]

ORDINANCE

To amend sections 1, 109, 140, 149 and Part I of Schedule 2 of the Road Traffic Ordinance, 1967; to substitute section 73; to insert section 129A to provide for the hours between which a motor vehicle, forming part of a convoy of motor vehicles, shall not be operated on a public road.

(Assented to 18 June 1969)

(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary, previouly obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section 22 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), of the Parliament of the Republic of South Africa as follows:—

1. The division of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended:—

by the insertion after section 129 of a new section:

"129A. Convoys on public road.".

Amendment of section 1 of Ordinance 30 of 1967.

2. Section 1 of the principal ordinance is hereby amended:—

(a) by the insertion after the definition of "Convention" of the following new definition:—

" 'convoy of motor vehicles' means six or more vehicles which are operated in a group on a public road;";

(b) by the deletion in the definition of "motor vehicle" of paragraph (i);

(c) by the substitution for the definition of "vehicle" of the following definition:—

" 'vehicle' means a device designed or adapted principally to travel on wheels or crawler tracks but does not include any such device moving exclusively on rails;".

Substitution of section 73 of Ordinance 30 of 1967.

3. The following section is hereby substituted for section 73 of the principal ordinance:—

"Instructors of learner-drivers to obtain instructor's certificate.

73. (1) No person shall for reward, instruct or supervise any other person in the driving of a motor vehicle on a public road unless he holds a certificate (in this section referred to as an instructor's certificate) issued to him by the Administrator.

(2) A person desiring to obtain an instructor's certificate shall apply to the Secretary for South West Africa on the prescribed form.

(3) The Administrator may require an applicant for an instructor's certificate to submit himself to —

(a) 'n ondervraging en toets deur 'n bevoegde persoon deur die Administrateur benoem, ten einde die bevoegdheid van sodanige aansoeker om as 'n instrukteur van leerlingbestuurders op te tree, te bepaal; en

(b) 'n mediese ondersoek deur 'n geneesheer deur die Administrateur benoem, ten einde die liggaamlike en geestelike geskiktheid van sodanige aansoeker om as 'n instrukteur van leerlingbestuurders op te tree, te bepaal.

(4) Die aansoeker moet die koste bestry van die mediese ondersoek wat ingevolge subartikel (3) (b) uitgevoer word en moet die geld betaal vir 'n ondersoek vir 'n instrukteursertifikaat soos in Deel II van Bylae 2 by hierdie ordonnansie bepaal.

(5) Indien die Administrateur oortuig is dat 'n aansoeker in subartikel (3) genoem, bevoeg en 'n geskikte en gepaste persoon is om as 'n instrukteur van leerlingbestuurders op te tree, nie aan enige liggaamlike of geestelike gebrek ly om aldus op te tree nie en aan die voorwaardes wat die Administrateur voorskryf, voldoen of voldoen het, reik hy aan sodanige aansoeker 'n instrukteursertifikaat op die voorgeskrewe vorm uit.

(6) 'n Instrukteursertifikaat verstryk op die een-en-dertigste dag van Desember van die jaar waarvoor dit uitgereik is.

(7) Iedereen wat die bepalings van subartikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.".

Wysiging van artikel 109 van Ordonnansie 30 van 1967.

4. Artikel 109 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van subartikel (4) deur die volgende subartikel:—

„(4) Wanneer hy op die punt staan om naderende verkeer verby te steek, moet die bestuurder van 'n voertuig op 'n openbare pad sorg dat die voertuig wat hy bestuur nie op die ryvlak aan sy regterkant oorgaan op 'n wyse wat sodanige naderende verkeer kan belemmer of in gevaar kan bring nie.".

Invoeging van artikel 129A in Ordonnansie 30 van 1967.

5. Die volgende nuwe artikel word hierby in die hoofordonnansie na artikel 129 ingevoeg:—

„Konvooie op openbare pad.

129A (1) Niemand mag 'n motorvoertuig wat deel uitmaak van 'n konvooi van motorvoertuie wat aan 'n motorvoertuighandelaar of ander persoon afgelewer word, op 'n openbare pad gebruik nie —

(a) tussen die ure 6 nm. op 'n Vrydag of, in die geval waar sodanige Vrydag 'n openbare feesdag is, die Donderdag wat sodanige Vrydag onmiddellik voorafgaan en 6 vm. op 'n Maandag of, in die geval waar sodanige Maandag 'n openbare feesdag is, die Dinsdag wat onmiddellik op sodanige Maandag volg, en

(b) tussen die ure 6 nm. op die dag onmiddellik voor Kersdag en 6 vm. op die dag onmiddellik na Tweede Kersdag in die mate wat sodanige ure nie reeds binne 'n tydperk in paragraaf (a) beoog, val nie.".

Wysiging van artkel 140 van Ordonnanse 30 van 1967.

6. Artikel 140 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na subartikel (3) die volgende nuwe subartikel in te voeg:—

(a) an examination and a test by a competent person nominated by the Administrator in order to determine the competence of such applicant to act as an instructor of learner-drivers; and

(b) a medical examination by a medical practitioner nominated by the Administrator in order to determine the physical and mental fitness of such applicant to act as an instructor of learner-drivers.

(4) The applicant shall bear the cost of the medical examination carried out in terms of subsection (3) (b) and shall pay the fee for an examination for an instructor's certificate provided for in Part II of Schedule 2 to this ordinance.

(5) The Administrator shall, if satisfied that an applicant referred to in subsection (3) is competent and is a fit and proper person to act as an instructor of learner-drivers, is not suffering from any physical or mental defect so to act, and complies or has complied with such conditions as the Administrator may prescribe, issue to such applicant an instructor's certificate on the prescribed form.

(6) An instructor's certificate shall expire on the thirty-first day of December of the year for which it was issued.

(7) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence.".

Amendment of section 109 of Ordinance 30 of 1967.

4. Section 109 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the Afrikaans text for subsection (4) of the following subsection:—

"(4) Wanneer hy op die punt staan om naderende verkeer verby te steek, moet die bestuurder van 'n voertuig op 'n openbare pad sorg dat die voertuig wat hy bestuur nie op die ryvlak aan sy regterkant oorgaan op 'n wyse wat sodanige naderende verkeer kan belemmer of in gevaar kan bring nie.".

Insertion of section 129A in Ordinance 30 of 1967.

5. The following new section is hereby inserted in the principal ordinance after section 129:—

"Convoys on public road.

129A. (1) No person shall operate a motor vehicle forming part of a convoy of motor vehicles, which is being delivered to a motor vehicle dealer or other person, on a public road —

(a) between the hours of 6 p.m. on a Friday or, in the case where such Friday is a public holiday, the Thursday immediately preceding such Friday and 6 a.m. on a Monday or, in the case where such Monday is a public holiday, the Tuesday immediately succeeding such Monday, and

(b) between the hours of 6 p.m. on the day immediately preceding Christmas Day and 6 a.m. on the day immediately succeeding Boxing Day to the extent to which such hours do not already fall within a period contemplated in paragraph (a).".

Amendment of section 140 of Ordinance 30 of 1967.

6. Section 140 of the principal ordinance is hereby amended by the insertion after subsection (3) of the following new subsection:—

„(4) Waar daar by enige vervolging ingevolge hierdie ordonnansie getuienis aangevoer word van 'n ontleding van 'n monster van die bloed van enige persoon, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat enige spuit wat gebruik is om sodanige monster te neem en die houer waarin sodanige monster geplaas is vir versending na 'n ontleder, vry van enige stof of kontaminasie was wat die uitslag van sodanige ontleding kon beïnvloed het."

Wysiging van artikel 149 van Ordonnansie 30 van 1967.

7. Artikel 149 van die hoofordonnansie word hierby gewysig:—

(a) deur die vervanging van subartikel (2) deur die volgende subartikel:—

„(2) Elkeen wat enige bepaling van hierdie ordonnansie oortree of versuim om daaraan te voldoen of aan 'n aanwysing gegee of 'n voorwaarde opgelê of 'n versoek of 'n eis ingevolge daarvan gestel, of versuim om enige bedrag betaalbaar ingevolge hierdie ordonnansie te betaal, is skuldig aan 'n misdryf.";

(b) deur die invoeging na subartikel (3) van die volgende subartikel:—

„(4) 'n Hof wat iemand skuldig bevind aan 'n oortreding van artikel 4, artikel 8 (1), artikel 10 (2) of subartikel (2) van hierdie artikel met betrekking tot 'n versuim om 'n bedrag wat ingevolge hierdie ordonnansie verskuldig is, te betaal, moet, benewens enige vonnis wat opgelê word, sodanige persoon beveel om die gelde en boete betaalbaar ingevolge hierdie ordonnansie onverwyld of binne sodanige tydperk soos die hof bepaal, te betaal, en as hy versuim om te betaal soos beveel, kan die hof hom gevangenisstraf oplê vir enige tydperk wat drie maande nie te bowe gaan nie.".

Wysiging van Deel I van Bylae 2 van Ordonnansie 30 van 1967.

8. Deel I van Bylae 2 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van die punt aan die slot van die tweede voorbehoudsbepaling in paragraaf 4 deur 'n dubbelpunt en die byvoeging daarna van die volgende verdere voorbehoudsbepaling:—

„En voorts met dien verstande dat ten opisgte van 'n sleepwa die tarragewig waarvan nie 500 pd. oorskry nie, die lisensiegeld hoogstens ses rand is.".

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

9. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Padverkeer 1969 en tree in werking op die eerste dag van Julie 1969.

"(4) Where in any prosecution under this ordinance evidence is tendered of the analysis of a specimen of the blood of any person, it shall be presumed, until the contrary is proved, that any syringe used for obtaining such specimen and the receptacle in which such specimen was placed for despatch to an analyst, were free of any substance or contamination which could have affected the result of such analysis".

Amendment of section 149 of Ordinance 30 of 1967.

7. Section 149 of the principal ordinance is hereby amended:—

(a) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:—

"(2) Any person who contravenes or fails to comply with a provision of this ordinance, or a direction given or a condition imposed or a request or a demand made in terms thereof or fails to pay any amount due under this ordinance shall be guilty of an offence.";

(b) by the insertion after subsection (3) of the following subsection:—

"(4) A court convicting a person of a contravention of section 4, section 8 (1), section 10 (2) or subsection (2) of this section relating to a failure to pay any amount due under this ordinance, shall, in addition to any sentence which may be imposed, order such person to pay forthwith or within such period as the court may determine, the fee and penalty payable in terms of this ordinance, and, if he fails to pay as ordered, may sentence him to imprisonment for any term not exceeding three months.".

Amendment of Part I of Schedule 2 of Ordinance 30 of 1967.

8. Part I of Schedule 2 to the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the full stop at the end of the second proviso in paragraph 4 of a colon and the addition thereafter of the following further proviso:—

"And provided, further, that in respect of a trailer the tare weight of which does not exceed 500 lbs., the licence fee shall not exceed six rand.".

Short title and date of commencement.

9. This ordinance shall be called the Road Traffic Amendment Ordinance, 1969, and shall come into operation on the first day of July, 1969.